



We develop the South African Agriculture Industry.
Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie.

24 Julie 2020

Aandag: Agri SA lede

Geagte lede

IS: NUWE DIREKTIEWE RAKENDE WAARSKUWINGSVLAK 3

President Cyril Ramaphosa, het gisteraand die land toegesprek oor die heropening van skole en die bestuur van die hulpbronne wat aangewend word vir die geveg teen die COVID-19 pandemie. Die president het genoem dat "Suid-Afrika nou die vyfde hoogste aantal bevestigde koronavirusgevalle ter wêreld het en die helfte van al dié gevalle in Afrika uitmaak." Soos dit tans staan, leef ons onder waarskuwingsvlak 3-regulasies, en 11 dae gelede op 12 Julie 2020 het die kabinet die verlening van die nasionale ramptoestand tot 15 Augustus 2020 goedgekeur. Dieselfde kabinet het ook besluit dat die land sal bly op waarskuwingsvlak 3 gedurende hierdie tyd en die handhawing van bestaande regulasies versterk en sekere bykomende maatreëls tref.

Die President het uitgebrei rakende die heropening van skole, en het gesê; "Ons het altyd gesê dat die gesondheid en welstand van leerders en opvoeders van kritieke belang is tydens die heropening van skole. Met die aantal infeksies wat in verskillende dele van die land toeneem, is daar versoek dat skole weer gesluit moet word."

Met inagneming van die menings van die verskillende belanghebbendes en kundige liggame, het die kabinet besluit dat alle openbare skole die volgende vier weke 'n blaaskans moet neem. Dit beteken dat skole vanaf 27 Julie gesluit sal wees en op 24 Augustus 2020 weer sal heropen. "

Graad 12-leerders en -onderwysers neem slegs 'n onderbreking van 'n week tot 3 Augustus. Graad 7-leerders neem 'n breek van twee weke en keer op 10 Augustus terug skool toe. Spesifieke reëlins sal getref word vir verskillende kategorieë spesiale skole. As gevolg van die ontwingings wat deur die pandemie veroorsaak is, word die huidige akademiese jaar verleng verby die 2020 akademiese jaar. Die Minister van Basiese Onderwys sal besonderhede verstrek oor die bestuur van die res van die skooljaar. "

[President, Cyril Ramaphosa se toespraak, gedateer 23 Julie 2020](#)

www.agrisa.co.za

Tel | +27 12 643 3400 **Fax** | +27 12 663 3178 **Email** | agrisa@agrisa.co.za

Physical Address | Inkwazi Building | Block A | 1249 Embankment Road | Zwartkop X7 | Pretoria | South Africa

Postal Address | Private Bag X180 | Centurion | 0046 | South Africa

Die volgende algemene direktiewe was uitgevaardig wat u van kennis kan neem:

*Neem asseblief kennis dat nuwe direktiewe sedert 13 Julie 2020 gepubliseer is.

Aanwysings rakende publieke vervoer:

- [Aanwysings in die Bylae hierby uiteengesit is om die verspreiding van die COVID-19 in die openbare vervoerdienste aan te spreek, te voorkom en te bestry.](#)
- [Die verlenging van die geldigheidsydperk van leerlinglisensies, rybewyse, lisensieskyfies, professionele bestuurpermitte en registrasie van motorvoertuie](#)

Aanwysings oor arbeid:

Vergoeding waar COVID-19 by die werksplek opgedoen is.

- https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/202007/43540gen387.pdf

Aanwysings oor maatreëls om die verspreiding van Covid-19 in die gesondheidssektor te voorkom en te bestry:

- https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/202007/43533gon796.pdf

Vriendelike groete

Andrea Campher

Ramprisikobestuurder

andrea@agrisa.co.za

<https://www.gov.za/coronavirus/guidelines>